Kurrikulumverklaring
Graad 10 – 12
(Algemeen)
(Opdateer Mei 2012)

Gevorderde Program Afrikaans

'n Vak addisioneel tot die NKV-vereistes

IEB COPYRIGHT

IEB
Anerleystraat 5
Parktown
2193

Posbus 875
Highlands Noord
2037

Tel: 011 483 9700
Faks: 011 483 9797/98/99
E-pos: kampmannf@ieb.co.za

HOE OM HIERDIE DOKUMENT TE GEBRUIK

- Hoofstuk 1 – Inleiding tot Gevorderde Program Afrikaans (GPA)

  Hierdie hoofstuk beskryf die definisie, doel, omvang, beroepskakels en Leeruitkomste van Gevorderde Program Afrikaans. Dit verskaf 'n oriëntering in die vakgebied.

- Hoofstuk 2 – Leeruitkomste, Assesseringstandaarde en Inhoud en Kontekste

  2.1 Hierdie hoofstuk bevat die Assesseringstandaarde vir elke Leeruitkoms, asook die inhoud en kontekste vir die vak. Die Assesseringstandaarde word opgestel om die leser in staat te stel om die beoogde progressie van Graad 10 tot Graad 12 waar te neem. Die Assesseringstandaarde word gevolglik in kolomme aangebied.

  2.2 Aan die einde van die hoofstuk is die voorgestelde inhoud en kontekste wat gebruik kan word om die Assesseringstandaarde te onderrig, leer en bereik. Dit sluit ook die Programstruktuur en ontwerp van die vraestel in.

- Hoofstuk 3 – Assessering

  Hierdie hoofstuk behandel die assesseringsvereistes van Gevorderde Program Afrikaans. Aan die einde van die hoofstuk is 'n tabel met vakgerigte bevoegdheidsomskrywings. Kodes, skale en bevoegdheidsomskrywings word in elke graad verskaf en word opgestel om progressie van Graad 10 tot Graad 12 te toon.

IEB COPYRIGHT

HOOFSTUK 1

DEFINISIE

Gevorderde Program Afrikaans is 'n uitbreiding van NKV Afrikaans Huistaal. Die Naric Verslag van 2010 stel dit soos volg: *The IEB English Home Language examinations already provide a rigorous challenge to the linguistic capabilities of students. Comparisons revealed great similarities between both the GCE and IEB examination papers; the combination of language and literature based tasks and the emphasis on appreciating the diversity with which language can be used highlight two features common to both examinations. In this respect it would appear that the IEB English Home Language examination is certainly comparable with the A/S level, whilst some comparability with the overall A-level standard is also apparent.* Hierdie stelling geld ook vir Afrikaans Huistaal.

DOEL

Die doel van Gevorderde Program Afrikaans (GPA) is om aan leerders wat besonder entoesiasties oor Afrikaans is, die geleentheid te gee om hul kennis, vaardighede, waardes en houdings met betrekking tot Afrikaans uit te brei en te verdiep. Die studie van GPA is bedoel om aan leerders die geleentheid te bied om hulself uit te daag en te verryk deur 'n spesiale betrokkenheid met besielende gedigte, prosa- en dramatekste asook films, wat hulle in staat sal stel om te reageer op letterkunde in 'n mees omvangryke konteks.

OMVANG

Gevorderde Program Afrikaans se oogmerke is om die aantal leerders te vermeerder wat deur prestasie, bevoegdheid en passie Hoër Onderwys wil betree om hulself te bekwaam vir 'n beroep waarin Afrikaans as hoofvak vereis word. Gevorderde Program Afrikaans is verder 'n uitbreiding en uitdaging vir leerders wat 'n buitengewone vermoë in, of entoesiasme vir Afrikaans toon. Die verwagting is dat die kennis wat verwerf word deur blootstelling aan hierdie Program 'n passie vir letterkunde sal wek. Verder sal dit ook aan leerders die geleentheid bied om hul persoonlike sienings en interpretasie te demonstreer in hul reaksie op hul gekose tekste.

Gevorderde Program Afrikaans stel leerders in staat om:

- verbande te lê tussen verskillende genres, tekste, tendense en kontekste
- argumente en insigte op samehangende wyse te struktureer deur die gebruik van tekstuele verwysings
- hoërorde denkvlakke te gebruik om kritiese oordeel te beplan en uit te voer
- te verwys na die voorgestelde tekste sowel as ander tekste wat hulle teëgekom het
- op omvangryke wyse ander tekste te kan betrek by hul besprekings van kwessies
- hul kennis te kan toepas deur beide gesiene en ongesiene tekste te vergelyk en kontrasteer, te ontleed en te kritiseer
- op filosofiese wyse na te dink oor die bestudeerde tekste
- gesofistikeerde, goed-gestruktureerde en duidelik begronde reaksies te formuleer wat hulle persoonlike sienings saamvat met betrekking tot die verskeidenheid tekste wat bestudeer is

Die studie van Gevorderde Program Afrikaans behoort leerders aan te moedig om verskeie genres en verskillende tekste te bespreek. Dit sal hulle in staat stel om intertekstuele verbande tussen tekste te lê en sodoende gesofistikeerde argumente aan te bied in reaksie op die uitgebreide vrae wat gestel word oor die tekste en genres. Die visie en verwagting is dat hierdie uitbreidings-program leerders in staat sal stel om bevoegdheid en selfvertroue in hul Afrikaanse vermoëns te ontwikkel.

IEB COPYRIGHT

OPVOEDKUNDIGE EN BEROEPSKAKELING

Die vak Gevorderde Program Afrikaans in die Verdere Onderwys en Opleiding-band voorsien die ideale platform vir skakeling met Afrikaans by tersiêre instellings. Leerders wat met Gevorderde Program Afrikaans aangaan na instellings op tersiêre vlak sal in 'n sterk posisie wees om effektief te vorder in enige Afrikaans-verwante dissipline wat hulle wil volg.

LEERUITKOMSTE

Leeruitkoms 1:
Verbandlegging tussen verskillende genres, tekste, strominge en kontekste.

Leeruitkoms 2:
Strukturering van samehangende argumente en insigte met akkurate teksverwysings.

Leeruitkoms 3:
Die gebruik van kognitiewe vaardighede in die ontwerp van kritiese beoordelings.

KURSUSVEREISTES

	Verpligtend	**Opsies (kies twee genres)**		
Graad 10, 11 en 12	Poësie	Prosa	Dramas	Film

IEB COPYRIGHT

HOOFSTUK 2.1

LEERUITKOMSTE EN ASSESSERINGSTANDAARDE

Leeruitkoms 1: Verbandlegging tussen verskillende genres, tekste, strominge en kontekste.

	Graad 10		Graad 11		Graad 12
	Ons weet dit wanneer die leerder:		Ons weet dit wanneer die leerder:		Ons weet dit wanneer die leerder:
10.1.1	Die mees relevante en waardevolle inligting kan ekstrapoleer in die ontwerp van 'n nuwe argument.	11.1.1	Die mees relevante en waardevolle inligting kan ekstrapoleer in die ontwerp van 'n nuwe argument.	12.1.1	Die mees relevante en waardevolle inligting kan ekstrapoleer in die ontwerp van 'n nuwe argument.
10.1.2	Kennis demonstreer van die sosio-politieke, ekonomiese en literêr-historiese konteks wat die produksie van tekste onderlê.	11.1.2	Kennis demonstreer van die sosio-politieke, ekonomiese en literêr-historiese konteks wat die produksie van tekste onderlê.	12.1.2	Kennis demonstreer van die sosio-politieke, ekonomiese en literêr-historiese konteks wat die produksie van tekste onderlê.
10.1.3	'n Spesifieke begrip van die genre toon.	11.1.3	'n Spesifieke begrip van die genre toon.	12.1.3	'n Spesifieke begrip van die genre toon.

Leeruitkoms 2: Strukturering van samehangende argumente en insigte met akkurate teksverwysings.

	Graad 10		Graad 11		Graad 12
	Ons weet dit wanneer die leerder:		Ons weet dit wanneer die leerder:		Ons weet dit wanneer die leerder:
10.2.1	'n Logies gestruktureerde opstel kan skryf waarin alle aspekte van die onderwerp in gepaste detail geanaliseer en nagegaan is.	11.2.1	'n Logies gestruktureerde opstel kan skryf waarin alle aspekte van die onderwerp in gepaste detail geanaliseer en nagegaan is.	11.3.1	'n Logies gestruktureerde opstel kan skryf waarin alle aspekte van die onderwerp in gepaste detail geanaliseer en nagegaan is.
10.2.2	Gedetailleerde en relevante teksgebaseerde bewyse kan selekteer en gebruik, en akkuraat erken.	11.2.2	Gedetailleerde en relevante teksgebaseerde bewyse kan selekteer en gebruik, en akkuraat erken.	11.3.2	Gedetailleerde en relevante teksgebaseerde bewyse kan selekteer en gebruik, en akkuraat erken.
10.2.3	Die onderwerp uiteensit op 'n wyse wat beide breë kennis en diepte van begrip toon.	11.2.3	Die onderwerp uiteensit op 'n wyse wat beide breë kennis en diepte van begrip toon.	11.3.3	Die onderwerp uiteensit op 'n wyse wat beide breë kennis en diepte van begrip toon.

IEB COPYRIGHT

Leeruitkoms 3: Die gebruik van kognitiewe vaardighede in die ontwerp van kritiese beoordelings.

	Graad 10		Graad 11		Graad 12
	Ons weet dit wanneer die leerder:		Ons weet dit wanneer die leerder:		Ons weet dit wanneer die leerder:
	'n Gefokusde en deurlopende argument kan saamstel en verdedig.		'n Gefokusde en deurlopende argument kan saamstel en verdedig.		'n Gefokusde en deurlopende argument kan saamstel en verdedig.
	Op samehangende wyse 'n bewussyn van veelvuldige perspektiewe en tekste toon.		Op samehangende wyse 'n bewussyn van veelvuldige perspektiewe en tekste toon.		Op samehangende wyse 'n bewussyn van veelvuldige perspektiewe en tekste toon.
	Die vermoë toon om 'n oortuigende argument met goeie en relevante argumente te beredeneer.		Die vermoë toon om 'n oortuigende argument met goeie en relevante argumente te beredeneer.		Die vermoë toon om 'n oortuigende argument met goeie en relevante argumente te beredeneer.
	Helder denke toon		Helder denke toon		Helder denke toon
	'n Argument kan saamstel wat 'n eie perspektief openbaar en wat volwassenheid, insig, begrip en oorspronklikheid van denke toon.		'n Argument kan saamstel wat 'n eie perspektief openbaar en wat volwassenheid, insig, begrip en oorspronklikheid van denke toon.		'n Argument kan saamstel wat 'n eie perspektief openbaar en wat volwassenheid, insig, begrip en oorspronklikheid van denke toon.

HOOFSTUK 2.2

PROGRAMONTWERP EN STRUKTUUR VAN DIE VRAESTEL

Die vraestel word beskou as 'n verlengstuk van die leerders se Graad 12 NSS Afrikaans Huisstaal. Die kursus is ontwerp om 'hanteerbare verryking' aan leerders te verskaf en bou op hulle Graad 12-kurrikulum. Leerders sal aan die begin van Graad 10 begin met die lees van kursus-tekste en dan hulle studie verdiep in Grade 11 en 12. Daar word verwag dat leerders self-gemotiveerd sal wees in die lees van en omgang met tekste in hulle eie tyd. Leerders sal verder voorsien word van vrae vir bespreking en bronpakkette om hulle leeswerk te begelei ter voorbereiding vir besprekingsessies. Onderrigtyd sal beperk word tot een of twee sessies van 2 tot 3 uur elk per week waarin leerders die geleentheid sal kry om belangrike vrae in die tekste met hulle klasgenote en onderwysers te bespreek. Die lys van voorgeskrewe tekste is omvattend genoeg om persoonlike keuses moontlik te maak, maar reflekteer 'n historiese én genre-komponent.

Leerders word aangemoedig om soveel tekste as moontlik van hulle eie keuse in Grade 10, 11 en 12 te lees uit die lyste van romans, dramas en films. Op hierdie wyse sal hulle, teen die tyd dat hulle die finale eksamen in Graad 12 bereik, 'n breë agtergrond opgebou het wat toegepas kan word op hulle respons op probleemstellings. Die leerders sal in elke studiejaar ook 'n aantal poësie-skole/tydperke bestudeer.

IEB COPYRIGHT

Geen bewyse van skool-gebaseerde assessering word vereis nie. Onderwysers sal besluit wanneer leerders gereed is om 'n summatiewe taak te voltooi. Onderwysers sal ook verseker dat die leerders gemaklik is met die eksamenvereistes en die tipe eksamenvrae wat leerders kan verwag. Leerders skryf een drie uur finale eksamen vraestel met die volgende afdelings:

1. Die poësievraag is verpligtend en die leerders moes ten minste twee skole/tydperke uit die leeslys bestudeer het.

Let op dat die gedigte in die leeslys uiteengesit die minimum vereiste per skool/tydperk is wat leerders moet bestudeer. Leerders mag wyer lees in hulle gekose poësieskool/tydperk.

2. Leerders moet 2 uit die onderstaande 3 opsies kies:
   - Prosa
   - Drama
   - Film

Leerders sal wyd moet lees binne hul gekose veld. Die bestudering van slegs twee of drie tekste sal onvoldoende voorbereiding wees vir die hoë standaard wat in die beantwoording verwag word.

IEB COPYRIGHT

Eksamenstruktuur:

Vraag 1 – 100 Punte

'**Min en Onmin**' as oorkoepelende tema

Hier word 'n literêre opstel verwag waarin leerders reageer op stimuli wat verband hou met die vereiste tema, '**Min en Onmin**' sowel as met die reeks tekste wat bestudeer is.

- Leerders moet tekste kies wat hulle bestudeer het vanuit twee van die volgende afdelings: prosa, drama, film. (As leerders reageer op film, sal van hulle verwag word om kommentaar te lewer op filmiese aspekte.)

Vraag 2 – 100 Punte

- '**n Vergelykende respons op twee van die skole/tydperke van poësie.** Vir hierdie opstel moet die leerders reageer op 'n aanhaling of 'n visuele teks wat hulle moet gebruik as 'n uitgangspunt om die poësie-skole/tydperke wat hulle bestudeer het, te bespreek.

Vraag 3 – 100 Punte

- 'n Vraag, waarin 'n aanhaling of visuele stimulus verskaf word wat leerders as 'n beginpunt kan gebruik om op **filosofiese wyse te besin oor hul eie leesgeskiedenis**. Leerders mag hier ook tekste buite die GP-program gebruik om op hierdie vraag te reageer.

IEB COPYRIGHT

RESPONS OP VRAE

- Opstelle sal geen beperking op woordtelling hê nie.
- Leerders moet verseker dat hulle binne die beskikbare 3 uur die vrae kan beantwoord.
- Leerders se persoonlike siening en stem is van kardinale belang.

RIGLYNE: FILMSTUDIE

1. Wanneer leerders praat en skryf oor films, moet hulle kan toon dat hulle filmies geletterd is, d.w.s. dat hulle die keuses wat 'n regisseur uitvoer by die bepaling van spesifieke kameraskote om betekenis te skep in 'n filmteks, verstaan. Hul antwoorde moet met absolute duidelikheid toon dat hulle 'n film en nie 'n roman nie, bespreek. Die respons moet die kandidaat se vaardigheid en bevoegdheid in die gebruik van rolprenttaal en register duidelik demonstreer; dus moet leerders toon dat hulle die volgende kenmerke kan dekodeer:

    - hoe, en met watter effek, die regisseur van 'n spesifieke film die kamera gebruik het
    - hoe en hoekom 'n spesifieke klankbaan gebruik is
    - hoe rolverdeling plaasgevind het
    - hoe filmiese tegnieke, bv. 'n hoek of redigering gebruik is om 'n tema voor te stel; of om atmosfeer te skep of sekere magsverhoudings uit te lig

    Dit moet beklemtoon word dat dit nie genoeg is vir 'n leerder om bloot 'n karakter en sy/haar rol in 'n film te bespreek nie; die leerder moet kan verduidelik hoe die regisseur **op filmiese wyse** die karakter tot stand gebring het en/of 'n spesifieke tema gesuggereer het.

2. Leerders moet nie verstrengel raak in die gebruik van irrelevante esoteriese, filmiese terminologie nie. Hulle moet egter duidelik kan toon, dat hulle visueel geletterd is. Hulle moet dus in staat wees om:

    - die skote en hoeke te identifiseer en die gebruik daarvan in 'n raam verstaan
    - die wyse waarop redigering in 'n teks toegepas word te verstaan en ontleed
    - kommentaar te lewer op die basiese kamerabewegings en hoe dit funksioneer in opeenvolgende skote
    - kommentaar te lewer op die gebruik van lig en klank
    - kommentaar te lewer op tegnieke soos rolverdeling, kostumering, grimering en gesigsuitdrukkings
    - kommentaar te lewer op die gebruik van die klankbaan, en die verhouding daartussen en die visuele lyne. Hulle moet ook in staat wees om te kan onderskei tussen die verskillende tipes klankbaan (leitmotif, gesinchroniseer-de of nie-gesinchroniseerde klankbane, agtergrondmusiek) en die verskillende funksies daarvan
    - kommentaar te lewer op die daarstelling van verskillende rame, soos die mise-én-scene binne 'n raam, wat op die voorgrond of die agtergrond geplaas is, opposisies, weglatings, ens. Dit kan ook van waarde wees om proksimale patrone hier te ontleed
    - terme soos indeksikaal en ikonies aan te wend, i.p.v. letterlik/denotatief en figuurlik/konnotatief

IEB COPYRIGHT

RIGLYNE: LITERÊRE OPSTEL

Die literêre opstel assesseer hoofsaaklik die vermoë van die kandidaat om te kan interpreteer sowel as sy/haar vermoë om 'n mening te vorm en temas, karakters, simbolisme, ens. te verstaan. Onderwerpe sal, sover moontlik, vrydenkend van aard wees om persoonlike interpretasies binne die skrywer se aanvaarde bedoelings met die onderskeie tekste toe te laat. 'n Spesifieke en beperkende respons op 'n opstelonderwerp moet nie vooraf bepaal word nie: elke opstel moet in eie reg en na verdienste in aanmerking geneem word, al blyk dit ook 'onkonvensioneel' te wees. Dit is belangrik dat die opstel reeds op Graad 10-vlak aandag ontvang en dit moet sorgvuldig onderrig word m.b.t. formaatvereistes en die vasstelling van die argument. Leerders sal aanmoediging en ondersteuning benodig, aangesien hulle die taak aanvanklik ingewikkeld mag vind.

Daar is uiteraard geen vaste voorgeskrewe riglyne by die skryf van 'n ontleding van 'n teks nie. Wat volg is voorgestelde aanduidings van die wyses waarop leerders meer doeltreffende literêre opstelle in die GPA-eksamen kan skryf.

- Lengte van opstelle sal nie beperk word nie.
- Struktuur, logika en die organisering van idees sal 'n inherente deel vorm van die finale produk. Die **wyse** waarop 'n leerder argumenteer en redeneer is net so belangrik **as dit** wat beredeneer word. Inleidings moet die leerder se argument duidelik stel, die opstel voorsien van 'n helder fokus en doel, en toon dat die skrywer die gekose onderwerp deeglik verstaan. Die slot moet die argument netjies en onomwonde saamvat. Elke paragraaf moet die argument verder voer en ontwikkel en nie bloot 'n aantal losstaande stellings wees nie. Die eksaminatore wil bewyse sien dat 'n duidelike standpunt ingeneem is.
- Kort, gepaste aanhalings uit die teks(te), of spesifieke verwysings na die teks, moet gebruik word om die leerder se standpunt te verryk en die standpunt te ondersteun. Leerders moet geleer word hoe om aanhalings op 'n spontane wyse in sinne te integreer.
- Die leerder moet dit vermy om af te dwaal van die fokus van die opstel en moet aangemoedig word om gereeld te verwys na die essensie van die onderwerp. Hierdeur toon hulle ook aan die nasiener dat hulle wel deeglik bewus bly van die literêre ondersoek wat hulle onderneem soos deur die opdrag vereis.
- Die register van die opstel moet formeel wees en leerders moet geleer word om informele taal, afkortings en inkorting te vermy.
- Leerders moet ook geleer word hoe om die titels van literêre werke in die opstel aan te dui, bv. deur die titels van dramas en romans te onderstreep.
- Geen opskrifte mag binne die opstel aangebring word nie.
- Die teenwoordige tyd moet in die opstel gebruik word.
- Oorgangstellings en skakels moet tussen paragrawe gebruik word, bv. hierby, ook, gevolglik, aan die ander kant, om op te som, in werklikheid, buitendien, ens.
- Dit is ook deesdae aanvaarbaar vir leerders om die eerstepersoon te gebruik in akademiese diskoers. Die 'ek' kan juis aanleiding gee tot 'n meer spontane respons. Die gebruik van die konvensionele derdepersoon is egter steeds 'n erkende manier van respons op vrae.

IEB COPYRIGHT

HOOFSTUK 3

ASSESSERING

INLEIDING

Assessering vorm 'n integrale deel van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 – 12 (Skole). Assessering kan omskryf word as 'n deurlopende en beplande proses van inligtingversameling om leerderprestasie te beoordeel. Inligting kan op verskillende stadiums van die leerproses versamel word deur 'n verskeidenheid gepaste assesseringstrategieë, -metodes, -instrumente, -kontekste en media te gebruik.

Om te verseker dat assesseringsresultate toeganklik is en later vir verskillende doeleindes aangewend kan word, is verslaghouding van resultate noodsaaklik. Daar is verskeie benaderings tot die wyse waarop leerderprestasie opgeteken kan word. Sommige hiervan word in hierdie hoofstuk bespreek. Ander word op 'n meer vakgerigte wyse hanteer in die Vakassesseringsriglyne.

Verskeie belanghebbendes moet in ag geneem word wanneer leerderprestasie in Grade 10 – 12 gemeet word. Dit sluit in die leerders, ouers, voogde, werkgewers, borge, die Departement van Onderwys, en Hoër-Onderwys en Opleidinginstellings. Dit is derhalwe nodig om die proses waardeur verslaglewering van leerders se algehele prestasie, en afleidings wat van leerders se bevoegdhede gemaak kan word, toeganklik te maak en te fasiliteer. Verslaglewering kan op verskeie manier geskied. Die Leerprogramriglyne en die Vakassesseringsriglyne bespreek ook verskeie metodes van verslaglewering van skoolgebaseerde en eksterne assessering en gee ook riglyne oor vakspesifieke assesseringsmetodes.

WAAROM ASSESSEER

Alvorens 'n onderwyser begin met assessering, is dit noodsaaklik om duidelike, ondubbelsinnige doestellings van die assessering te bepaal. Volgens die doelstellings kan gepaste assesserings-metodes gekies word, sodat besluite geneem en gevolgtrekkings gemaak oor leerderprestasie regverdig en betroubaar is.

Daar is verskeie redes waarom leerderprestasie geassesseer word. Dit sluit in om leerders se vordering te monitor en te fasiliteer, terugvoering te verskaf, ondersteuning en hulpverlening te bied en vir sertifiserings- en bevorderingsdoeleindes. Hierin staan die kurrikulum, leer en assessering in noue verband met mekaar. Assessering help leerders om die waarde van hulle leerproses te meet. Dit verskaf inligting aan die leerders oor hul eie vordering en stel hulle in staat om beheer en besluite oor hulle eie leer te neem. In hierdie opsig verskaf assessering inligting omtrent die geslaagdheid van onderrig en leer in die bereiking van die leeruitkomste. Indien die assessering toon dat geen progressie plaasvind nie, behoort assesseringsmateriaal en -beplanning aangepas te word.

TIPES ASSESSERING

Die volgende tipes assessering word in hierdie afdeling bespreek:

- formatiewe assessering, en
- summatiewe assessering

IEB COPYRIGHT

Formatiewe assessering

Enige vorm van assessering wat gebruik word om terugvoer aan die leerder te gee is formatief van aard. Dit is 'n kerndeel van onderrig en leer. Dit monitor en ondersteun die leerproses. Alle belangegroepe maak van hierdie soort assessering gebruik om inligting oor 'n leerder se vordering en prestasie te bekom. Konstruktiewe terugvoer is 'n kardinale komponent van formatiewe assessering en sal 'n belangrike meganisme vorm om te bepaal hoe die leerders die eise van GPA hanteer en baasraak. Onderwysers behoort dele van die program te assesseer wanneer hulle meen dat leerders genoeg tekste of poësie bestudeer het om op sinvolle wyse op 'n assesseringstaak te kan reageer.

Summatiewe assessering

Wanneer assessering gebruik word om 'n beoordeling van 'n leerder se bevoegdheid of prestasie op te skryf, dien dit 'n summatiewe doel. Summatiewe assessering gee 'n geheelbeeld van 'n leerder se vaardighede en vordering op enige spesifieke tydstip. Dit kan plaasvind aan die einde van 'n leeraktiwiteit, leereenheid, leersiklus, kwartaal, semester of aan die einde van die jaar. Summatiewe assessering moet beplan word en 'n verskeidenheid assesseringstrategieë moet gebruik word om geleenthede te verskaf vir die leerders om hul kundigheid te toon.

DIE KENMERKE VAN ASSESSERING

Assessering moet:

- deur die leerder en die breër publiek verstaan word
- duidelik gefokus wees
- geïntegreerd wees met onderrig en leer
- gebaseer wees op vooraf-bepaalde kriteria van die Assesseringstandaarde
- uitgebreide geleenthede vir leerders verseker
- bepaal word volgens die tempo van die leerder en billik
- buigsaam wees
- 'n verskeidenheid instrumente gebruik
- 'n verskeidenheid metodes gebruik

HOE WORD GEASSESSEER

Onderwysers se assessering van leerderprestasies moet betroubaar wees. Dit beteken dat onderwysers se evaluerings van leerders se bevoegdhede oor verskillende tye, werkstukke en nasieners moet klop. Beoordeling van prestasie behoort ook geldigheid te verseker, d.w.s. dit moet gemaak word op die werk wat onderrig en geleer en toe geassesseer is.

Omdat elke assesseringsaktiwiteit of -taak nie volledig aan die vereistes van betroubaarheid en geldigheid kan voldoen nie, behoort vordering en prestasie op meer as een assessering gebaseer te word. Dit is die beginsel waarop Deurlopende Assessering (DAS) gebaseer is. DAS is 'n strategie waarvolgens besluite oor leer gebaseer word op verskillende aktiwiteite en gebeurlikheide en wat deurgaans op verskillende tye van die leerder se vordering en leerproses plaasvind. Dit sluit in assesseringsaktiwiteite wat oor 'n jaar versprei word. Dit sluit in aktiwiteite soos toetse, eksamens, projekte en take. Ook mondeling en praktiese take word ingesluit.

Deurlopende assessering is klaskamer- en skoolgebaseerd en fokus voortdurend op maniere waarop geïntegreerde assessering in die leer- en onderrigproses kan plaasvind. Onderwysers leer ook hulle leerders ken deur daaglikse onderrig, vraagstelling, waarneming en interaksie op wye fronte. DAS moet toegepas word op beide die afdelings in die kurrikulum wat die beste deur geskrewe toetse en take geassesseer word sowel as daardie wat deur ander metodes geassesseer word, bv. deur opvoering en praktiese take.

IEB COPYRIGHT

METODES VAN ASSESSERING

Self-assessering

Alle Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is deursigtig en toeganklik. Leerders weet wat van hulle verwag word. Leerders kan dus sinvol betrek word by die assesseringsproses deur 'vooraf-assessering' van eie werk voor die finale assessering deur die onderwyser. Besinning oor eie werk is 'n noodsaaklike komponent van die leerproses.

Portuurassessering

Portuurassessering maak gebruik van 'n kontrolelys of rubriek, en is van waarde vir die leerder wie se werk geassesseer word sowel as die leerder wat assesseer. Die samewerking aan die kriteria vir assessering bemagtig leerders om hulle eie en ander se werk te evalueer.

Groepassessering

Die vermoë om in groepe saam te werk is een van die Kritieke Uitkomste. Die assessering van groepwerk veronderstel ook die assessering van die doeltreffende saamwerk van leerders in groepsverband; dus van proses sowel as produk. Dit sluit in die assessering van samewerking, tydshantering, werksverdeling, benutting van hulpbronne en groepsdinamika en konsolidering van indivuele bydraes tot 'n enkele produk.

METODES VIR DIE INSAMELING VAN ASSESSERINGSBEWYSE

Daar is verskillende metodes om inligting oor leerderprestasie in te samel. Sommige daarvan word vervolgens bespreek.

Waarneming

Hierdie assesseringsmetode neig om minder formeel te wees en bestaan uit die verslaghouding van verskillende soorte bewyse van verskeie leerders op verskillende tye. Hierdie soort assessering is dikwels gebaseer op take wat van leerders vereis om met mekaar in interaksie te tree en te kommunikeer met die doel om 'n probleem op te los of 'n produk aan te bied. Waarneming moet doelgerig wees en bewyse moet geassesseer word met behulp van 'n gepaste assesserings-instrument soos 'n rubriek.

Toetsing

Toetsgebaseerde-assessering word meer formeel beplan en stel die onderwyser in staat om bewyse van al die leerders se vordering gelyktydig en vir dieselfde aktiwiteit in te samel en na te sien. Dié soort assessering lewer verifieerbare bewyse wat gewoonlik bepunt word. Indien korrek gebruik, is toetse en eksamens 'n belangrike deel van die kurrikulum omdat hulle goeie bewyse lewer van wat geleer is.

Take

Prestasie- of taakgebaseerde-assesseringsmetodes toon tot watter mate leerders hul vaardighede en kennis wat hulle in onbekende tekste en kontekste buite die klaskamer geleer het, kan aanwend. Prestasie-assessering dek ook die praktiese komponente van vakke deur te bepaal of leerders bevoeg is om dit wat hulle geleer het te kan toepas. Hier word staat gemaak op die onderwyser se professionele oordeel volgens voorafbepaalde kriteria, standaarde of reëls vir die taak en in die keuse van gepaste assesseringsinstrumente soos rubrieke en kontrolelyste wat gebruik gaan word.

IEB COPYRIGHT

REKORDHOUDING EN RAPPORTERING

Verslae/rekords en rapportering moet gegrond wees op bewyse wat tydens assessering verkry is, sodat dit logies, verstaanbaar en akkuraat geëvalueer en aangebied kan word.

Metodes van verslaghouding

Daar bestaan verskillende metodes van verslaghouding. Dit is dikwels moeilik om metodes vir verslaghouding te onderskei van evalueringsmetodes van leerderprestasie.
Die volgende is voorbeelde van verskillende soorte metodes van verslaghouding:

- taak- of kontrolelyste, en
- rubrieke

Elkeen word hieronder bespreek.

Taak- of kontrolelyste

Hierdie lyste bevat diskrete stellings of kriteria wat 'n leerder se prestasie in die uitvoering van 'n spesifieke taak omskryf. Wanneer 'n spesifieke stelling/kriterium waargeneem kan word as bevredigend uitgevoer deur die leerder volgens die vereistes, kan dit op die taak- of kontrolelys afgemerk word. Die stellings wat op die lys afgemerk is met regmerkies, omskryf die leerder se prestasie. Hierdie lyste is baie nuttig vir gebruik in aktiwiteite vir portuur en groepsassessering.

Rubrieke

Rubrieke bestaan uit verskillende gegradeerde vlakke wat die minimum prestasie of standaard beskryf en wat aanvaar kan word as bewys dat die verlangde peil deur die leerder bereik is. Rubrieke vereis dat onderwysers presies moet weet wat die verlangde uitkoms is. Rubrieke kan holisties wees wat 'n globale beeld van die vereiste standaard gee, of analities wees wat die afsonderlike aspekte van 'n taak assesseer, of 'n kombinasie van die twee.

Om 'n rubriek te ontwerp, moet 'n onderwyser die volgende in ag neem:

- Watter uitkomste geassesseer word
- Watter assesseringstandaarde bereik moet word
- Watter soort bewyse ingesamel moet word
- Watter verskillende komponente van prestasie geassesseer moet word
- Watter assesseringsinstrumente elke aspek van die taak die beste sal pas (bv. die proses en die produk)
- Watter kennis duidelik merkbaar moet wees
- Watter vaardighede en besluitneming toegepas is
- Watter geleenthede vir die uitspreek van persoonlike menings, waardes en houdings vervat is in die taak, watter hiervan geassesseer moet word en hoe

Dit is noodsaaklik dat die leerders vertroud moet wees met die rubriek voordat die taak aangepak word. Die rubriek maak dit duidelik waarop die leerproses en prestasie behoort te fokus. Sodoende kan die rubriek 'n uiters nuttige instrument wees.

IEB COPYRIGHT

Rapportering van prestasie en vordering

Rapportering van leerderprestasie en -vordering dien as inligting vir alle belanghebbendes by die leerder se vordering. Nadat die bewyse ingesamel en geïnterpreteer is, moet die onderwyser formeel verslag gee van die leerder se prestasies. Genoegsame bewyse van summatiewe assesserings moet beoordeel word sodat 'n rapport uitspraak kan gee oor die standaard wat die leerder bereik het.

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Grade 10 – 12 (Algemeen) aanvaar 'n 6-puntskaal vir leerder-prestasie. Hierdie skaal word in Tabel 4.1 getoon.

Tabel 4.1 Prestasieskaal volgens die Nasionale Kurrikulumverklaring Grade 10 – 12 (Algemeen): Graderingsvlakke van Bevoegdigheidspunte

Kode		%
7	Uitmuntende prestasie	80 – 100
6	Verdienstelike prestasie	70 – 79
5	Bevredigende prestasie	60 – 69
4	Voldoende prestasie	50 – 59
3	Matige prestasie	40 – 49
2	Basiese prestasie	30 – 39
1	Ontoereikend	0 – 29

VAKGERIGTE BEVOEGDHEIDSOMSKRYWINGS

Om die standaardisering van Leeruitkomste in Grade 10 – 12 te bewerkstellig en te fasiliteer, is vakgerigte bevoegdhede omskryf om die graadverwagtings te onderskei van dit wat die leerders moet weet en kan bereik.

Sewe bevoegdheidsvlakke is beskryf vir elke vak per graad. Hierdie omskrywings sal vir die onderwysers van hulp wees om leerders te assesseer en volgens korrekte graderingskale in te deel. Die vlakbeskrywings is 'n opsomming van die besonderhede wat in die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde uitgespel is en verskaf die onderskeidende kenmerke wat die bereiking van 'n spesifieke gradering bepaal. Die verskeie prestasievlakke en die ooreenkomstige persentasie-bandlyne word aangetoon in Tabel 4.1

Ooreenkomstig die beginsel en praktyk van uitkomsgebaseerde onderrig moet alle assessering – skoolgebaseerd sowel as ekstern – hoofsaaklik kriteriumgerig wees. Punte mag egter gebruik word, maar die take moet in die geheel geassesseer word in plaas van bloot deur die afmerk van korrekte antwoorde en om dan volgens die aantal regmerkies 'n punt toe te ken. Die bevoegdheidsbepalings vir 'n vak beskryf die minimum vaardighede, kennis, houdings en waardes wat 'n leerder moet demonstreer vir die bereiking van elke prestasievlak op die skaal. Wanneer onderwysers/assessore 'n taak of aktiwiteit vir assessering beplan, moet hulle seker maak dat dit 'n aspek van 'n spesifieke uitkoms aanspreek. Die relevante Assesseringstandaard/standaarde moet gebruik word om die rubriek vir die spesifieke vraag of taak te ontwerp. Die vlakbeskrywings moet duidelik die minimum bevoegdheidsvlak vir elke kategorie op die skaal aandui.

Die bevoegdheidsomskrywings vir hierdie vak verskyn aan die einde van hierdie dokument.

IEB COPYRIGHT

BEVOEGDHEIDSOMSKRYWINGS

BEVORDERING

Bevordering op Graad 10- en Graad 11-vlak sal gebaseer word op slegs interne assessering, maar moet gebaseer word op dieselfde omstandighede as dié vir die Verdere Onderwys en Opleiding Sertifikaat. Die vereistes, omstandighede en reëls van kombinasie en kondonering word uitgespel deur die Beleidsverklaring vir Kwalifikasies en Assessering vir Grade 10 – 12 (Algemeen). Hierdie vak is toegevoeg tot die gewone pakket van vakke. Prestasie in hierdie vak beïnvloed dus nie die bevordering van die leerder nie. Voortgesette deelname aan die kursus is egter tog afhangend van genoegsame prestasie deur die leerder om te voldoen aan die uitkomste vir elke graad.

RAPPORTE/VERSLAGKAARTE

Daar is verskillende maniere waarop rapporte saamgestel kan word, maar hoe eenvoudiger die rapport hoe beter, op voorwaarde dat alle belangrike inligting ingesluit word. Rapporte of verslagkaarte behoort inligting oor 'n leerder se algehele vordering in te sluit, soos die volgende sake:

- die leerderproses wat plaasgevind het
- die leerder se sterk punte
- ondersteuning wat benodig word, indien nodig
- opbouende terugvoering wat verslag lewer op 'n leerder se prestasie en hoe dit verband hou met vorige prestasies en vereistes in die vak
- die leerder se ontwikkeling en progressie in die leer-om-te-leer proses

Verder behoort rapporte ook die volgende in te sluit:

- naam van skool
- naam van leerder
- graad van leerder
- jaar en termyn
- handtekening van ouer of voog
- handtekening van onderwyser en skoolhoof
- datum
- datum wanneer skool sluit en heropen
- skoolstempel
- skoolbywoningsprofiel van leerder

ASSESSERING VAN LEERDERS MET SPESIALE ONDERRIGBEHOEFTES

Die assessering van leerders wat struikelblokke in die leerproses ondervind, sal uitgevoer word in ooreenstemming met die aanbevole alternatiewe en/of aanpasbare metodes soos voorgeskryf in die dokument *Beleid en Assessering vir die Senior Sertifikaat (Grade 10 – 12) vir leerders met leer-struikelblokke*. Verwys na die Witskrif, No. 6.
Opvoeding: Opbou van 'n Inklusiewe Onderwys en Opleidingsisteem.

Die teoretiese kennis in hierdie vak kan geredelik aangepas word om leerders met struikelblokke in te sluit.

IEB COPYRIGHT

Kode	Skaal	Bevoegdheidsomskrywings
7	80% – 100% Uitmuntend	Teen die einde van Graad 12 kan die leerder met uitmuntende prestasie op oortuigende en uitstekende wyse interpreteer, analiseer, sintetiseer en evalueer en betekenisvolle verbande trek oor 'n verskeidenheid van tekste; gesofistikeerde insig demonstreer; op oortuigende wyse eie menings stel en bewys en akkuraat en deeglik begrond; idees en argumente op 'n volgehoue oorredende en kreatiewe wyse struktureer, in 'n helder persoonlike styl met 'n sterk eie siening; skryfwerk self hersien en redigeer om 'n goed saamgestelde teks te verseker; die strukture en konvensies van taal met begrip en selfvertroue gebruik en akkuraat en met gemak 'n oortuigende argument skep.
6	70% – 79% Verdienstelik	Teen die einde van Graad 12 kan die leerder met verdienstelike prestasie met selfvertroue en op doeltreffende wyse interpreteer, analiseer, sintetiseer en evalueer en relevante verbande trek oor tekste heen; aanmerklike insig demonstreer; en duidelik eie menings stel en regverdig met meesal akkurate en relevante begronding; idees en argumente struktureer; op 'n volgehoue, helder wyse wat bewys lewer van 'n persoonlike styl en sterk eie siening; skryfwerk self hersien en redigeer om 'n vlot, goedgeskrewe respons te verseker; die strukture en konvensies van taal akkuraat en met selfvertroue gebruik om 'n helder, goed volgehoue argument te produseer.
5	60% – 69% Bevredigend	Teen die einde van Graad 12 kan die leerder met bevredigende prestasie: met redelike selfvertroue individuele tekste interpreteer en analiseer, maar toon 'n mate van onsekerheid wanneer idees geëvalueer en geïntegreer moet word oor 'n klompie tekste heen; insig demonstreer wanneer eie menings gestel en regverdig word met 'n redelike mate van gepaste en genoegsame begronding; idees en argumente redelik duidelik; gedetailleerde en gefokus stel en sterk bewyse van 'n persoonlike styl en siening daarstel; skryfwerk hersien en redigeer om stylfoute te vermy; die strukture en konvensies van taal verstaan en gebruik met redelike akkuraatheid om 'n goeie argument te verskaf.
4	50% – 59% Voldoende	Teen die einde van Graad 12 kan die leerder met voldoende prestasie; individuele tekste genoegsaam interpreteer en analiseer maar ondervind merkbare probleme om idees oor 'n aantal tekste heen te evalueer en te integreer; genoegsame insig toon en stel en eie menings ontwikkel; alhoewel fokus nie deurgaans volgehou word nie; genoegsame bewys van 'n persoonlike styl met 'n mate van eie siening toon; skryfwerk hersien en redigeer alhoewel daar gedeeltes is wat afbreuk doen aan die vlotheid van die respons; die strukture en konvensies van taal genoegsaam verstaan om soms 'n geldige argument saam te stel.
3	40% – 49% Matig	Teen die einde van Graad 12 kan die leerder met matige prestasie: selde meer as een teks interpreteer en vind dit besonder uitdagend om te analiseer, evalueer en te integreer oor 'n aantal tekste heen; 'n mate van insig toon en eie menings stel, maar verskaf beperkte of onakkurate begronding; in 'n mate idees en argumente ontwikkel, maar die fokus is inkonsekwent met min bewys van 'n persoonlike styl of eie siening; skryfwerk hersien en redigeer alhoewel steeds heelwat foute voorkom; sommige strukture en konvensies van taal verstaan maar sukkel om hulle korrek te gebruik om 'n verstaanbare argument saam te stel.
2	30% – 39% Basies	Teen die einde van Graad 12 kan die leerder met basiese prestasie: nie tekste interpreteer met genoegsame insig nie en is nie in staat om idees te analiseer, evalueer en te integreer oor 'n aantal tekste heen nie behalwe op die mees oppervlakkige en eenvoudige wyse; selde insig toon of 'n eie mening stel of idees en argumente motiveer en aanbied, maar dié is lukraak, oppervlakkig of herhalend en met geen persoonlike styl of siening nie; skryfwerk hersien en redigeer maar dikwels met min begrip of die korrigeer van foute; slegs basiese strukture en konvensies verstaan maar dit selde korrek gebruik om 'n samehangende, logiese argument saam te stel; byna geen beheer oor grammatika of woordeskat demonstreer.
1	0% – 29% Ontoereikend	Teen die einde van Graad 12 kan die leerder met ontoereikende prestasie: tekste nie met begrip interpreteer nie en is nie in staat om idees oor 'n aantal tekste heen te analiseer, evalueer of te integreer nie, selde insig toon of eie menings stel of idees en argumente aanbied en motiveer en selfs die enkeles is onvanpas, herhalend en sonder enige tekens van 'n eie styl of siening; skryfwerk slegs met uiters beperkte vermoë hersien en redigeer; slegs basiese taalstrukture en-konvensies verstaan, maar dit nie korrek gebruik nie en feitlik geen beheer oor grammatika en woordeskat demonstreer wat begrip van die baie beperkte argument onderlê nie.

IEB COPYRIGHT